
GELOOF FAITH

In Die Woord In The Word



Geloof is uit die gehoor en die gehoor is deur die Woord van God Rom. 10:17

Faith cometh by hearing and hearing by the Word of God. Rom. 10:17

POSBUS 232, BALLITO, 4420 · TEL: (032) 551 1836 / 551 2419 · FAKS: (032) 552 5411
WEBSITE: www.stangerchristiancentre.com E-MAIL:stangerchristiancentre@gmail.com

JESUS IN DIE BYBELSE FEESTE

In die Hebreeuse Skrifte, het God 'n geskrewe verslag van prente oor die Messias voorsien om die Joodse mense te help om Hom te herken wanneer Hy verskyn. Jesus van Nasaret het verklaar dat Hy hierdie Messias (die Christus) is en het dit bewys deur in Homself die Skrifte en prente te vervul wat na die Messias verwys. Tog, alhoewel baie Jode geglo het dat Jesus die Messias was, het die magtige Joodse leierskap in Jerusalem, Hom verwerp namens hulself en die volk van Israel.

Ironies dat die Heidene Jesus aanvaar het. Soos die apostel Johannes geskryf het: **"Hy het na sy eiendom gekom, en sy eie mense het Hom nie aangeneem nie. Maar almal wat Hom aangeneem het, aan hulle het Hy mag gegee om kinders van God te word, aan hulle wat in sy Naam glo" (Joh. 1:11-12).**

Hierdie Heidense volgelinge het 'n geestelike wedergeboorte ondervind en het deel geword van 'n groep mense wat Christene genoem sou word. Hierdie nie-Joodse gelowiges het nie die Joodse volk in God se plan van verlossing vervang nie. In plaas daarvan is hulle ingeënt in die Joodse volk en deel geword van die verenigde nasies van Israel, met Abraham as hul geestelike vader.

DIE GROOT SKEIDING

Soos die Christen Kerk (die uit geroepenes) meer "Heidene" gekry het, het die Jode en Christene hul eie weë begin gaan. Dit het nie lank geneem voordat die Kerk (die georganiseerde Christelike godsdiens) oorstroom is met ongelowiges wat die Christelike geloof aanvaar het, maar nooit Jesus persoonlik as hul Heer en Verlosser ontvang het nie. Hul harte het nie verander nie. Hierdie mense het hul haat teenoor die Jode saam met hulle gebring na die nuwe Christelike geloof.

Omtrent gedurende dieselfde tyd, het sommige van die vroeë Kerk vaders (Heidene wat nie verbind was met hul Hebreeuse wortels) 'n verkeerde teologie ontwikkel wat 'n anti-Semitiese mentaliteit in die Kerk geskep het. Dit het die Christen wêreld verder van die Jode verdeel. Hierdie vroeë anti – Joodse verklarings het die fondasie gelê vir die tragiese toekoms van Joodse – Christen verhoudings wat die Kerk laat vergeet het van sy Joodse wortels en vervolging van die Jode reg deur die eeue.

Maar in hierdie laaste dae, doen God 'n wonderlike ding. Hy breek mure van haat en misverstand af wat die Jode en Christene verdeel het. God roep die Joodse volk om na hul ou tuisland terug te keer en na hul God van die verbond. Hy berei hulle voor vir die koms van die Messias (ons Here Jesus Christus). Terselfdertyd is God besig om in die harte van Christene 'n heilige liefde vir die Jode op te wek en maak hulle bewus van die Bybelse Hebreeus-Joodse wortels van hul Christen geloof.

Baie Christene besef dat die oorsprong van ons geloof Jerusalem is, nie Athene, Rome, Geneva, Wittenberg, Azusa Straat, Springfield, Nashville, Tulsa ens. Die gevolg is dat Christene regoor die wêreld uitreik na die Joodse mense in hul gemeenskappe, sing liedere uit die Hebreeuse Skrifte, herontdek hul Joodse wortels en vier die Feeste van die Here soos vervul in Jesus. Dit is duidelik God se vasgestelde tyd om Jode en Christene te versoen in voorbereiding vir die koms van die Messias.

As gevolg van die profetiese seisoen waarin ons leef, besef miljoene Christene regoor die wêreld dat dit reg, goed en welbehaaglik vir die Here is om Jesus in die Feeste te vier. Daar is 'n aantal voordele wat Christene ondervind deur dit te doen. Sommige hiervan is:

1. 'n Beter begrip van die Bybel.

(Vervolg op Bl. 2)

(Vervolg vanaf Bl. 1 - Jesus in die Bybelse feeste….)

2. ‘n Herontdekking van die Joodse wortels van die Christendom.

3. ‘n Vollediger begrip van God se plan van verlossing.

4. ‘n Hernude passie vir Jesus.

5. Groter insigte in God se profetiese seisoene.

6. Duideliker en kragtiger leringe deur visuele hulpmiddels.

7. ‘n Ontdekking van die Bybelse Kerk kalender.

8. ‘n Liefde vir die Joodse volk en begrip van die rol van Israel in Bybelse profesie en huidige gebeure.

9. Geestelike groei en samevoeging tussen gesinslede.

Watter gelowige sal nie die voordele wil hê nie? Jy kan hulle in jou eie lewe en gemeentes verkry deur die Feeste van die Here te vier soos hulle hul vervulling in Jesus vind. Dit is nie iets wat Christene moet doen nie, maar iets wat ons doen as ‘n manier om met Jesus te identifiseer as ons Joodse Here. Dit is ‘n seën, nie ‘n las nie. Dit is ‘n daad van liefde, nie wetties.

Wanneer Christene Jesus in die Feeste vier, “plaas hulle nie hulself onder die Wet” nie of probeer om Jode te wees nie. Hulle druk eenvoudig hul begeerte uit om terug te keer na die Bybelse wortels van die geloof. Hierdie begeertes kom van die Gees van God wat dit in die hart van die gelowige plaas. Om op die begeertes te reageer is geheel en al ‘n saak van God se genade en glad nie wetties nie. Christene wat die Bybelse Hebreeuse wortels ontdek en dit wil vier moet nie roem in die beelde nie, maar in die persoon van Jesus.

Paulus het gesê: **" Want alles wat tevore geskrywe is, is tot ons lering tevore geskrywe..." (Rom. 15:4).** Deur Jesus in die Feeste te vier kan ons meer volledig leer van wat Jesus vir ons gedoen het en hoe om met Hom te wandel in ons daaglikse lewens.

Ons kan dit sê uit ons eie persoonlike ondervindings. Ons ondervind ‘n onmiddellike, dramatiese, blywende verandering in ons lewens en is nie dieselfde van daardie oomblik af nie.

Met die openbaring brandend in ons harte, begin ons sien dat die Bybel meer is as net ‘n versameling stories wat nie verband met mekaar het nie. Daar is ‘n meester tema wat een sentrale storie regdeur die bladsye vertel. Hierdie sentrale storie is dat God die inisiatief geneem het om in ‘n bloedverbond deur Jesus met ons te tree. God het dit vir ons moontlik gemaak om hierdie storie in elke boek van die Bybel te sien. Die Bybel is nie langer ‘n stowwerige ou boek nie. Dit is die lewende Woord van die lewende God, en dit is lewe in ons.

Toe die Here, Jesus aan ons getoon het in die Feeste, het Hy ons geestelike oë geopen om te sien hoe Jesus in die Bybelse Feeste van die Here uitgebeeld word. Hierdie ongelooflike openbaring is een van die grootste seëninge. Ons ontdekking van Jesus in die Feeste het ons gehelp om die Bybel te verstaan en God se plan van verlossing; dit het ons gehelp om te weet hoe om met God te wandel; dit het ons passie vir Jesus vernuwe en die vele ander voordele wat ons reeds genoem het. Die Here het ons so oorweldig met Sy teenwoordigheid en hierdie insig dat ons dit met ander moet deel.

Met dit in gedagte, toe God begin het om Sy verbondvolk, die Jode te leer, het Hy dit gedoen deur die gebruik van visuele hulp of prente wat die Jode kon verstaan met hul fisiese sintuie. God het hierdie prente in die Hebreeuse Bybel gegee in die vorm van die verskillende godsdienstige wette en rituele wat die Jode moes nakom. Soos die Jode hierdie wette en rituele toegepas het, sou hulle die geestelike waarhede aangaande hulle verhouding met God leer deur hul fisiese sintuie.

Vir 1,500 jaar het die Joodse volk geleer oor die een ware God deur hul visuele hulpmiddels. Hulle godsdienstige wette en rituele het hulle geleer hoe om God te ken en daagliks met Hom te wandel. Hulle het ook na Jesus Christus die Messias verwys.

Na eeue se kyk na die prente, het die tyd aangebreek dat die Jode die geestelike werklikheid moes binnegaan van hierdie visuele hulpmiddels. Die verandering van die fisiese na die geestelike is vir hulle voorsien deur Jesus van Nasaret, die Joodse Messias en Verlosser van die wêreld. Terwyl die Joodse Skrifte die prente voorsien het, het die Nuwe Testament die persoon voorsien. Met ander woorde, die prente in die Hebreeuse Bybel verwys na die persoon in die Nuwe Testament.

Hierdie prent na persoon verbinding is waarna Jesus verwys in Matt. 5:17-18 toe Hy gesê het: **"Moenie dink dat Ek gekom het om die wet of die profete te ontbind nie. Ek het nie gekom om te ontbind nie, maar om te vervul. Want voorwaar Ek sê vir julle, voordat die hemel en die aarde verbygaan, sal nie een jota of een tittel van die wet ooit verbygaan totdat alles gebeur het nie”.**

Omdat die algemene Westerse begrip van vervul beteken “om weg te doen met”, het Christene geglo dat Jesus bedoel het dat die prente wat na Hom verwys nie langer nodig was nie. Dit is nie wat Jesus bedoel het nie. Ons moet Sy woorde verstaan in konteks met Sy Joodse kultuur en gebruike.

Vir Joodse Bybel leermeesters en rabbi’s in Jesus se tyd, het die woord wat in Afrikaans vertaal is as **vervul,** beteken die ware of korrekte interpretasie van die Skrif, terwyl die woord **vernietig** beteken om ‘n vals of verkeerde interpretasie te gee.

(Vervolg op Bl. 3)

(Vervolg vanaf Bl. 2 - Jesus in die Bybelse feeste…)

Hierdie woorde was in 'n tegniese sin deur Joodse godsdienstige leiers gebruik wanneer hulle oor die regte betekenis van die Skrif geargumenteer het.

In Nuwe Testamentiese tye het Joodse Bybelgeleerdes en rabbi's, soos Christen Bybelgeleerdes en predikante van vandag, dikwels die Skrifte saam bestudeer. Wanneer hulle 'n sekere Skrif bespreek, het elkeen sy mening gegee wat hy dink die Skrif beteken.

Wanneer Jesus die woorde vervul en vernietig gebruik het, het Hy in terme gepraat wat deur die godsdienstige leiers van Sy tyd gebruik is. Hulle het presies verstaan wat Hy bedoel het. Hy het hulle vertel dat Hy nie gekom het om die Hebreeuse Skrifte weg te doen of te vernietig (hulle mislei deur vals lerings) nie. In plaas daarvan het Hy hulle vervul as die persoon na wie die prente verwys het. Hy was die menslike beliggaming van hul ware betekenis en geestelike werklikheid.

'n Jota is die Hebreeuse letterteken genoem die yod en is die kleinste van die Hebreeuse alfabet. Die tittel is 'n klein merkie wat gebruik word om sekere Hebreeuse letters te onderskei. Deur so 'n verwysing te maak, wys Jesus hoe Hy selfs die minste van alles wat van Hom geskryf is in die Hebreeuse Skrifte eer.

Ons Christene wat in die Westerse wêreld woon is ongelukkig diegene wat onbewustelik God se prente vernietig (verkeerd verstaan) het. Ons het dit gedoen deur die woorde van Jesus deur Westerse oë te interpreteer eerder as om Jesus as 'n Joodse Bybel leermeester van Sy tyd te verstaan. Ons het dit met goeie bedoelings gedoen, maar die resultaat was 'n groot verlies van die prente wat ons na die persoon gewys het. Ons lewe egter nou in die opwindendste tyd van geestelike geskiedenis, waar God Christene regoor die wêreld opwek oor die belangrikheid om die Skrifte in hul kulturele konteks en die geestelike prente van ons Here te verstaan.

Wanneer ons as Christene Jesus in Sy Joodse konteks ontdek, sal ons ook 'n nuwe geestelikheid ontdek deur die Tora prente wat na Hom as die Messias wys. Die prente is kragtige visuele van die persoon en verlossingswerk van Jesus.

Jesus se naam in Hebreeus is Yeshua. Christus kom van die Griekse woord Christos en beteken dieselfde as die Hebreeuse woord vir Messias, Mashiach. Om ons te help om Jesus in Sy Joodse konteks te hou en behoorlik verbind is met Sy prente, het ek Yeshua die Messias in hakies geplaas wanneer ons Bybel die naam Jesus Christus gebruik.

Mense het prente nodig om ons te help om die wêreld rondom ons te verstaan. Die visuele hulpmiddels wat God aan die Joodse volk gegee het was geestelike prente wat hulle na die Messias Jesus gewys het. Jesus was God se finale visuele hulpmiddel. Hy was die volmaakte openbaring van die geestelike betekenis van die prente. Jesus het vir een van Sy volgelinge gesê: "**Hy wat My gesien het, het die Vader gesien..." (Joh. 14:9).**

Nou dat die persoon gekom het, is daar geen nodigheid meer om God deur godsdienstige rituele te soek nie. In werklikheid het God nooit die prente as voorwerpe van afhanklikheid gegee nie. Hulle doel was om die mense na die persoon te wys. Dit is wat die apostel Paulus bedoel het toe hy gesê het:**" Want Christus (Messias) is die einde (doel) van die wet tot geregtigheid vir elkeen wat glo" (Rom. 10:4).** Die woorde wat in Afrikaans vertaal is as "die einde" beteken nie, nie langer nodig nie of bruikbaar. Dit beteken "die doel ". Jesus is die doel van die prente wat na Hom wys.

Dit beteken egter nie dat die prente nie meer waardevol vir ons is nie. Hulle is steeds belangrik om ons te help om te verstaan hoe om God te ken en met Hom te wandel deur 'n persoonlike verhouding met Jesus. Om dit eenvoudig te stel, ons kan die persoon beter leer ken deur die prente te bestudeer.

Om eerder op die prente te fokus as op die persoon is godsdienstig. Om op die persoon te fokus is verhouding. Ons het 'n verhouding met die persoon, maar die prente help ons om die persoon beter te ken.

Ons het hulle nodig, nie vir verlossing nie, maar as visuele herinneringe van wie Hy is en wat Hy vir ons gedoen het. Hulle help ons om op die persoon te bly fokus en voorsien ons van kragtige prente van ons Here, wie ons nog nie van aangesig tot aangesig sien nie.

Christene kan verseker die belangrikheid van geestelike prente verstaan. Byvoorbeeld, water doop en nagmaal is twee kragtige visuele hulpmiddels wat ons wys na die persoon en werk van Jesus. Dit is die uiterlike uitdrukking van ons verhouding met Jesus deur hierdie rituele. Die rituele prente red ons nie, maar hulle is belangrik om ons gefokus te hou op ons verhouding met ons Here en herinner ons aan wat Hy vir ons gedoen het. Ons sou nooit daaraan dink om weg te doen met die prente nie of dat ons dit nie langer nodig het nie.

DIE FEESTE VAN DIE HERE

Van die duidelikste visuele hulpmiddels wat God in die Bybel gee is die Bybelse heilige dae. Vir eeue is die Christene vertel dat hierdie geestelike prente "Joodse Feeste" was wat Jesus vervul (weggedoen) het. Ons het nou net geleer dat dit 'n verkeerde interpretasie is van wat Jesus bedoel het. Soos ons

(Vervolg of Bl. 4)

(Vervolg vanaf Bl. 3 - Jesus in die Bybelse feeste….)

●sal sien, verwys die Bybel na hierdie godsdienstige dae as die "Feeste van die Here", nie die "Feeste van die Jode" nie.

Meeste Christene is werklik verbaas en verstom wanneer hulle leer dat God verwys het na Sy spesiale heilige dae in die eerste hoofstuk van Genesis. Dit was die vierde dag van die skepping waar ons lees: "**En God het gesê: Laat daar ligte wees aan die uitspansel van die hemel, om skeiding te maak tussen die dag en die nag; en laat hulle dien as tekens sowel vir vaste tye (Eng. Seasons), asook vir dae sowel as jare" (Gen. 1:14).**

Die Hebreeuse woord wat in Afrikaans vertaal is as "vaste tye" (seasons) is **moed**. Die woord beteken 'n vasgestelde tyd of seisoen of plek wanneer God Sy volk sou ontmoet. Dit verwys spesifiek na God se vasgestelde Bybelse heilige dae. Hulle is Sy heilige feeste of fees dae, wanneer die mense 'n heilige ontmoeting met die Lewende God het.

Moed is dieselfde woord wat gebruik word om na die Feeste van die Here in Levitikus te verwys. God het hierdie spesiale vierings vasgestel toe Hy die Hebreërs uit Egipte gebring het. God het met Moses gespreek en gesê: **"Spreek met die kinders van Israel en sê vir hulle: Die feestye van die Here wat julle moet uitroep as heilige samekomste dit is my feestye**. **Dit is die feestye van die Here, die heilige vierdae wat julle moet uitroep op hulle bepaalde tyd" (Lev. 23:2,4).**

Wanneer ons die woord fees hoor dink ons aan 'n uitgebreide maaltyd of banket. Ons is geneig om die woord met kos te assosieer. Let op dat God sê hierdie is Sy feeste. God se verbondsnaam in die Bybel is YHWH (Yahweh). Hierdie is die feeste van YHWH. Hulle was spesiale heilige konvokasies of samekomste deur God vasgestel, wanneer die Joodse volk bymekaar sou kom om God op 'n spesiale wyse te ontmoet. Ons kan aan hulle dink as godsdienstige byeenkomste.

Die Hebreeuse woord vir 'n "heilige konvokasie" of " gewyde byeenkoms" is **mikrah**. Die woord beteken 'n "kleedrepetisie ". Die Jode sou deur die feeste 'n kleedrepetisie opvoer vir die doel om die Messias te openbaar en die totale verlossings en profetiese plan van God te leer. Met ander woorde vir 1,500 jaar het die Jode die drama van verlossing opgevoer as 'n prent wat hulle na die persoon van die Messias Jesus wys.

God het drie feesseisoene met sewe individuele feeste vasgestel en het hulle op so 'n wyse op die Joodse kalender geskeduleer dat die Jode drie keer 'n jaar na Jerusalem moes reis om dit te hou (Sien Exodus 23:14-17 en Deut. 16:16.).

Hierdie drie feesseisoene was bekend as Paasfees (Pesach), Pinkster (Shavuot), en Hutte (Succot). Hulle verbeeld en verteenwoordig drie groot ontmoetings met God in die lewens van Sy verbondsvolk. Hierdie ontmoetings met God was bedoel om Sy goddelike vrede, krag en rus in hul lewens te voorsien. Saam verteenwoordig hulle sewe stappe in die gelowiges se wandel met God.

Die Paasfees was die eerste van die feesseisoene. Die doel was om die Hebreërs te leer hoe om God se vrede te vind. Paasfees sluit die Feeste van Ongesuurde brood en Fees van die Oes in.

Die volgende feesseisoen was Pinkster. Dit was 'n Fees alleen, en het die Hebreërs geleer hoe om God se krag te ontvang.

Die derde feesseisoen was genoem Huttefees, die doel van die Huttefees was om die mense te leer hoe om in God se rus in te gaan. Dit sluit in Feeste van Trompette, Versoening en Tabernakels.

Die Feeste van die Here was baie belangrike visuele hulpmiddels vir die Joodse volk. Elkeen van die sewe feeste het hulle na hul Messias gewys en elkeen daarvan het 'n bepaalde aspek van Sy lewe en bediening uitgebeeld. As 'n eenheid geneem vorm hulle 'n voltooide prent van die persoon en werk van die Messias en die stappe wat een moet neem om in die vrede, krag en rus van God te wandel. Christene het 'n openbaring in hul harte van God se Gees dat Jesus die Messias is.

Jesus het nie net Self hierdie feeste gevier nie, maar elke groot verlossings gebeurtenis in Sy lewe het ook op 'n feesdag plaasgevind. Sjoe! Nou sedert Jesus hierdie feeste gevier het en die geestelike werklikheid van almal was, is dit nie belangrik om te leer hoe hierdie prente na Hom wys en wat hulle vir ons kan beteken nie? En aangesien hierdie die Feeste van die Here is, sou dit nie vir al God se verbond mense goed wees om Jesus deur hierdie opwindende prente te vier nie? En aangesien ons almal God se vrede, krag en rus nodig het, sal dit nie vir gelowiges voordelig wees om te verstaan hoe die prente ons kan help om die verlossingswerk van Jesus in ons lewens te verinnerlik nie?

Deur te leer hoe om die geestelike waarhede toe te pas deur die feeste te verbeeld in ons persoonlike lewe. Soos gesê, hulle is prente van Jesus wat ons leer hoe om Hom te ken en met Hom te wandel.

Psalm 89:15 sê: "Welgeluksalig is die volk wat die geklank ken; O HERE, hulle wandel in die lig van u aangesig. " Die frase "geklank" verwys na die blaas van die shofar om die mense te roep tot begrip en ingaan in die geestelike werklikhede van die feeste. ●

GOD IS OUR DEFENDER

WE ARE GOD'S WATCHMEN

The Lord is our strong tower, the Bible tells us that we are His watchmen. Scripture speaks of four things we are to be watching for:

First of all, we are called to be the watchmen of our own lives to prevent ourselves from falling into sin. Matthew tells us, **"Watch and pray, lest you enter into temptation. The spirit indeed is willing, but the flesh is weak" (Matt. 26:41)**

In 2 Chronicles we find the record of King Asa fortifying the towns of Judah, **'"Let us build up these towns' he said to Judah, 'and put walls around them with towers, gates and bars. The land is still ours, because we have sought the Lord our God; we sought Him and He has given us rest on every side.' So, they built and prospered" (2 Chr. 14:7)**

Asa fortified the towns with towers and walls for protection, when they were at rest on every side. They were at rest because they sought the Lord. Yet they did not grow complacent and this should be true for us. When we seek the Lord and He grants us a season of rest, we often face temptation to grow complacement. While we are not in the heat of the battle, this is the time to redouble our efforts, build up our defenses in the Lord, who is our strong tower. Then like the people of Judah under Asa, we will prosper. Surely, **"The eyes of the Lord are in every place, keeping watch on the evil and the good" (Prov. 15:3)** In which camp will we be found?

Second, while it is God's responsibility to protect those who come to Him, it is our responsibility to blow the trumpet warning to bring others to His protection.

Ezekiel goes to great lengths to draw this word picture for us: **"When I bring the sword against a land, and the people of the land choose one of their men and make him their watchman, and he sees the sword coming against the land and blows the trumpet to warn the people, then if anyone hears the trumpet but does not take warning and the sword comes and takes his life, his blood will be on his own head. If he had taken warning, he would have saved himself. But, if the watchman sees the sword coming and does not blow the trumpet to warn the people and the sword comes and takes the life of one of them, that man will be taken away becuase of his sin, but I will hold the watchman accountable for his blood."**

Likewise: **"When I say to the wicked**, **"O wicked man, you will surely die, and you do not speak out to dissuade him from his ways, that wicked man will die for his sin, and I will hold you accountable for his blood. But, if you do warn the wicked man to turn from his ways and he does not do so, he will die for his sin, but you will have saved yourself" (Eze. 33:2-6; 7-9)**

The message is clear. We have a responsibility to present God's viewpoint to a waiting world. Many people will turn to God from lives of sin and selfishness if they hear a clear trumpet blast of warning.

Third, we are to be watching always for the coming of Messiah.

Matthew tells us, **"Watch therefore, for you know not what hour your Lord is coming. Watch therefore, for you know neither the day nor the hour in which the Son of Man is coming" (Matt. 24:42; 25:13)**

"Take heed, watch and pray; for you do not know when the time is" (Mk. 13:33)

We are to be spiritually prepared for the coming of Messiah. This can only happen as we spend daily time with the Lord in His Word, prayerfully hearing from His Spirit.

The Bible tells us that the Lord is coming like a thief in the night. That implies He will be come suddenly and unexpectedly. In each generation Christians have rightly expected the return of the Lord in their time. Our generation has seen much prophetic fulfillment. We may see Him arrive at any moment.

(Continued on page 6)

(Continued from page 5 - God is our Defender)

What do we want to be doing when the trumpet sounds? We need to be about our Father's business.

Finally, we need to be watchmen on behalf of Israel!

The Psalmist equated God's love and faithfulness with His love and faithfulness to His beloved Israel, and His city, Jerusalem.

"Walk about Zion, go around her, count her towers, consider well her ramparts, view her citadels, that you may tell of them to the next generation. For this God is our God for ever and ever; He will be our guide, even to the end." (Ps. 48:12-14)

"The Lord loves the gates of Zion more than all the dwellings of Jacob" (Ps. 87:2)

"Behold He who keeps Israel shall neither slumber nor sleep" (Psalms 121:4)

Many Bible passages call upon us to join God in His desire to bless Israel serving as His watchmen over this land and the Jewish people. The themes running through these passages are towers, walls, protection and watchfulness.

"I have set watchmen on your walls, O Jerusalem: They shall never hold their peace day or night. You who call on the Lord, do not keep silent, and give Him no rest till He establishes Jerusalem and makes her a praise of the earth: (Isa. 62:6,7)

Ezekiel was called upon to be a watchman of Israel, because God cared about the land and people so deeply. **"So you, son of man, I have made you a watchman for the house of Israel; therefore hear a word from My mouth, and warn them for Me." (Eze. 3:17; 33:7)**

Watchmen need to understand the times and the territory under their watch. Who is likely to attack? From which direction? Where are we vulnerable? How can we strengthen our support system?

Sometimes watchmen can only continue to blow a warning blast, knowing their feeble notes will be ignored. However, that situation does not give the watchman an excuse to abandon his post. We are called to be faithful whether or not we are immediately successful.

The Psalmist called upon the Lord to restore Jerusalem**: "Do good in Your good pleasure to Zion; Build the walls of Jerusalem: (Ps. 51:18)**

Micah the prophet looked to God to protect a future Jerusalem. I believe this passage refers to the restored Jerusalem of today, with its future glory yet to come. Notice that God's protective role is illustrated by calling Him a watchtower and stronghold.

"As for you, O Watchtower fo the flock, O stronghold of the daughter of Zion, the former dominion will be restored to you; kingship will come to the Daughter of Jerusalem: (Micah 4:8)

We are called to be watchmen. We have the rare privilege to participate in the fulfillment of God's prophetic plan for Israel and Jerusalem which has implications worldwide. Eventually Jerusalem will finally be a praise in the earth. It will return to its former position as the center of world goverment under Messiah's rule and reign. Then the world will finally be at peace – God's peace.

CONCLUSIONS: Jesus was disappointed with His disciples when they failed to watch with Him as He prayed in the Garden of Gaethsemane. **"Then He said to them, 'My soul is exceedingly sorrowful, even to death. Stay here and watch with Me. Then He came to the disciples and found them asleep, and said to Peter, 'What? Could you not watch with Me one hour?" (Matt. 26:38,40)**

We live in trying times, We need to be watchmen for the Lord. We must not fail Him nor disappoint Him by "sleeping" through the task we are called to perform for Him. Watchmen work daily, not just when the mood is pleasant.

Do we find ourselves watching our own walk with the Lord to be sure we are walking in His paths of righteousness?

Is our voice being heard to warn others of the approaching doom if they do not change their ways and follow the Lord?

Do we live our lives with hopeful anticipation, as though the return of the Lord might be today?

Israel is revealing to the world that the Lord is faithful to His promises, His corners of the earth. The land is being restored. Faith is coming back into the land. Are we standing as watchmen on the walls of Jerusalem, giving God no rest until He makes Jerusalem a praise in the earth?

The challenge is summend up in one verse:

"And waht I say to you, I say to all: Watch!" (Mk. 13:37) ●

Spesiale woord van dank

'n Spesiale woord van dank vir die kosbare bydraes wat direk in ons bankrekening inbetaal word.Dit is vir ons baie belangrik om vir u 'n persoonlike bedankings briefie te stuur, daarom versoek ons u om asseblief u deposito strokie, met u volle naam en volle adres te pos of te faks. Ons sal dit ook waardeer as u vir ons u naam en adres langs u deposito strokie neer skryf wanneer u dit faks, omdat die faks nie altyd leesbaar is nie.


KENNISGEWING

Ons het 'n lys beskikbaar van boeke en Cd's met hul pryse. Indien u meer inligting verlang oor wat beskikbaar is of 'n bestelling wil plaas, kontak ons asseblief sodat ons die lys na u kan faks of E-pos.

Dit het ook volledige inligting hoe om 'n bestelling te plaas, bank inligting ens. Ons E-pos adres is: stangerchristiancentre@gmail.com en ons faks nommer is: 032:5525411. Ons het ook 'n internet adres en dit is: www.stangerchristiancentre.com, u kan al ons boeke daarop sien en hulle kosteloos aflaai.

Ons Bankbesonderhede is:
Stanger Christian Sentrum,
Eerste Nasionale Bank, 53730091667,
Kode: 220129

- NEW BOOK -



NEHEMIAH

A PRACTICAL GUIDE TO CHRISTIANITY
by Pastor David Gericke
@ R45.00 per copy

A step by step teaching on how to overcome the opposition facing every Believer. Nehemiah's vision, faith, warefare and perseverance shows us how to succeed through prayer.



UIT ONS KANTOOR

Geliefdes in Jesus,
God se woord het veel krag. Kry God se woord vir jou situasie, dit is jou lewe!

Matt. 4: Maar Hy (Jesus) antwoord en sê: " Daar is geskrywe: Die mens sal nie van brood alleen lewe nie, maar van elke woord wat deur die mond van God uitgaan."

Toe die duiwel Jesus versoek het, het Jesus die Woord vir hom gegee en gesê: "Daar is geskrywe ... Daar is geskrywe.... Daar is geskrywe..." (Matt. 4:4, 7, 10).

Net so wanneer die duiwel jou aan die pyn in jou liggaam herinner, sê wat God se Woord sê: "Daar is geskrywe, Deur Sy wonde is ek genees!" (Jes. 53:5; 1 Pet. 2:24) . En sê vir Vader God: "Ek het U Woord daarvoor en ek staan op U Woord. Ek probeer nie om genees te word nie. My genesing het reeds plaasgevind. Ek gee nie om wat hierdie liggaam sê nie. Dit moet in lyn met U Woord kom want deur Jesus se wonde is ek genees!" En jy moet dit met jou hele hart glo!

En as die duiwel vir jou sê: "Kyk na die klein balans in jou bankrekening. Hoe gaan jy jou rekeninge betaal?" sê net: "Ek gaan my nie bekommer nie, want ek weet dat my God in al my behoeftes gaan voorsien volgens Sy rykdom in heerlikheid deur Christus Jesus" (Fil. 4:19). Dit maak nie saak hoeveel ek in die bank het nie. God se Woord sê vir my dat soos die behoefte kom, die voorraad daar sal wees!"

Wanneer vrees jou aangryp, moenie vir jouself sê: "Hierdie vrees is simpel. Wat is die kanse dat dit met my sal gebeur?" Moenie probeer om jou vrees weg te redeneer nie. In plaas daarvan spreek God se Woord in die situasie. Sê: "Daar is geskryf, God het my nie 'n gees van vrees gegee nie, maar krag, liefde en selfbeheersing" (2 Tim. 1:7). Wat as die vrees terugkeer? Spreek weer God se Woord. Sê: "Daar staan geskrywe, God het my nie 'n gees van vrees gegee nie.."

Wanneer die duiwel probeer om jou te mislei, gee vir hom die Woord van God. Daar is iets omtrent die Woord van God wat veroorsaak dat hy nie by die wat dit gebruik wil bly nie. Dit herinner hom aan Jesus, die Woord wat vlees geword het (Joh. 1:14), wat hom kragteloos gemaak het en geen effek gehad het wanneer Hy gesê het: "Daar staan geskrywe.."

Gebruik die Woord van God teen die duiwel wanneer hy kom om jou te versoek. Jy sal hom oneffektief maak!

Ons wil julle persoonlik bedank vir julle gebede, liefde, aanmoediging en ondersteuning in elke opsig. Ons kan julle nooit vergoed nie, maar ons vra ons Hemelse Vader om dit vir julle te doen!! Hy is die gewer van alle gawes en ons vra Hom om julle in oorvloed te seën met alle geestelike en fisiese seëninge!!

Baie dankie vir jou liefde, gebede en ondersteuning. Ons dank die Here vir jou en bid vir jou!

Baie liefdegroete
Meg en die gebedspan

Meg en die Gebedspan

Ons God van wonderwerke……Briewe wat getuig van die Here se goedheid en getrouheid

Ek het verlede week E-pos gestuur vir my seun Jean met depressie.

Die Here het hom waarlik aangeraak – hy is gesond! Prys die Heer – hy glimlag darem weer sien weer kans vir die lewe. Baie dankie vir die wonderlike werk wat julle voortsit.

Baie dankie vir jul gebede ons waardeer dit vreeslik.

Baie liefde

Suster in Christus

Ek het intussen ‘n paar keer geskakel, vir gebed gevra vir Bruce Coetzee wat kanker van die lewer het, vir wie die mediese dokters gesê het hy het net 4 maande om te gaan. Hy is volkome genees! Ons loof en prys ons Hemelse Vader!! Ons gee die Here al die eer en lof!!

Baie dankies vir u liefde en aanmoediging. Ons bid gereeld vir julle, en ons is baie lief vir julle.

Mev B Samuels. Pretoria.

My hart loop oor van blydskap en dankbaarheid teenoor ons Hemelse Vader vir wat hy vir ons gedoen het. Ons staan verstom voor Sy Grote Almag. Hy alleen is GOD! Ek het ‘n brief na u gestuur en gevra dat u sal bid vir my dogter met ‘n dwelmprobleem. Vir jare was sy maer en lusteloos met geen belangstelling in die lewe nie. Die Here het haar volkome verlos! Sy is ‘n nuwe kind en het ook gewig opgetel en haar liggaam is gesond. Sy is honger vir die Woord van die Here. Baie dankie vir die onderrig wat ons kry in Die Woord deur hierdie leesstof wat u versprei.

Ons is so dankbaar vir ons Hemelse Vader!! Baie, baie dankie vir julle gebede!

Mev T Olivier, Van der Byl Park.

Thank you to Meg and the prayer team for answered prayers. Daniel's test came back negative for any infection or disease. He is only limping slightly and it is improving everyday. We give our Heavenly Father all the honour, praise and glory!!

Theresa Blankner.

Dierbaarste Tannie Meg & Gebed span,

Baie dankie vir u gebede. Ek het Vrydag oggend, die 28ste, 09h00 aanstelling gekry vir werk wat my sal help om al hierdie maand einde se verpligtinge na te kom. Ek is so verskriklik dankbaar teenoor die HERE.

Ek het ook gevra om vir my Kinders te bid, dat GOD hulle moet red & hulle harte moet sag word teenoor my vrou, Lanie. EK bly op n Plot, met twee huise teenaan mekaar.

Ek het my twee dogters gevra dat hulle hier by ons moet kom bly, sodat ons soos ‘n mooi familie, ordentlik in vrede kan saam woon. Hulle het van Januarie geweier. Ek het net die HERE se ALMAG bly vertrou.

Einde Junie het hulle toe ingetrek. GOD het ‘n Pragtige Wonderwerk gedoen. Hulle verhouding is nou so mooi.

Hulle kuier oor en weer sonder ophou. Dit is soos ‘n ware ma & dogters verhouding behoort te wees.

Die HERE het al die haat, bitterheid, verwyte & wantrou van die verlede uitgewis. My innige Dankbaarheid vir julle gebede en ons GOD se Almagtige Liefde, wat alles oorwin & waarvoor daar niks onmoontlik is nie.

Al my Liefde,

Willie van der Laan

Liewe span,

My eerste klein dogter trou die 23 September. Ai span, ons dien ‘n groot God! Terwyl my dogter op haar geboorte gewag het, het dokters beveel dat sy ‘n aborsie moet laat doen omdat sy met Rhubella in aanraking gekom het. Die scan het gewys dat die baba blind of doofstom is. Ek het met u in kontak gekom vir gebed. Sy besluit om die baba te behou. Vandag is sy 25 jaar, het twee grade agter haar naam en trou met ‘n wonderlike man. Prys God Halleluja!!

Mev J Overmeyer, Eldorado Park

GELOOF IN DIE WOORD / FAITH IN THE WORD

Daar is geen kopiereg op enige van ons kassette en visuele materiaal nie en daarom wil ons u aanmoedig om kopieë daarvan te maak en te versprei so dat die Woord van ons Hemelse Vader uitgedra kan word. Ons vra egter dat dit nie gedoen sal word vir finansiële gewin nie.

***

There is no copyright on any of our audio and visual material, and therefore we would like to encourage you to copy and distribute in order to spread the Word of God. We do however request that this is not done for financial gain.